NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   Afdeling A – Letterkunde (70 punte)
   Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (30 punte)

3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou Antwoordboek.

4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

5. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.

---

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A LETTERKUNDE

### INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.

2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **die paragraaf in Vraag 2** en **die opstel in Vraag 4** neer.

4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.

5. **Beplanning**

   - Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.
   - Skryf die opskrif, BEPLANNING, boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

**VOORBEELD:**

| **BEPLANNING** | **VRAAG** |
|---|---|
|  |  |
| (linkerkantse bladsy) | (regterkantse bladsy) |

IEB Copyright © 2024

***DONKER WEB*** – Fanie Viljoen

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, *Donker Web*.

**VRAAG 1 WEBBE**

| |
|---|
| Die woord TRUST is netjies daarop gegraveer, maar 'n bars loop deur die U. Broken Trust, die titel van die kunswerk. 'n Onverwagte herinnering aan die ou wat ek eens vertrou het, kom by my op. |

[bl. 35]

1.1 Wat is Eckhard se regte naam en van? (1)

1.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en korrekte letter (bv. 1.16 E) in jou antwoordboek.

Hoe het Eckhard Greg se vertroue verbreek?

A Eckhard het Greg deur middel van *social engineering* gemanipuleer.
B Eckhard het Greg geleer om rekenaars te kraak (*hack*).
C Eckhard was Greg se beste vriend.
D Eckhard het Greg aan sy broer John herinner. (1)

1.3 Wat studeer Greg aan die Universiteit van Stellenbosch? (1)

1.4 Wie is die dokter wat John die "*kreeps*" gegee het, wat later volgens die koerante in die tronk selfmoord gepleeg het? Gee die dokter se naam en van. (1)

1.5 Watter onwettige dinge het die Baker waarskynlik op die Donker Web gedoen? (1)

1.6 Hoe het Greg die oudpolisieman by wie hy raad vra om die Baker te soek, ontmoet? (1)

1.7 Greg ontvang 'n transponder om hom te *biohack*. Hoekom het Plank geen pyn gevoel toe hy die transponder in sy eie hand geplant het nie? (1)

1.8 In Turkye gebruik Xander Tor (*The Onion Router*) om op die Donker Web in te gaan. Greg kry 'n kans om te kyk wat alles op die Donker Web aangaan. Noem **een** van die goed wat mens op die Donker Web kan koop. (1)

1.9 Xander het voorgestel wat hulle "lokaas" (*bait*) op die internet plaas. Waarom, dink jy, het Xander gevoel dat hierdie "lokaas" dalk die Baker kan vang? (1)

1.10 Hoe het Greg en Xander geweet dat hulle "lokaas" nie gewerk het nie? (1)

1.11 Wat moet Xander op die Donker Web koop sodat Greg en Plank saam met hulle na Italië kan gaan? (1)

1.12 Waarom het Greg vir Ayla op die Rialto-brug in Venesië gesoen? (1)

1.13 Xander het nie in J-Bay gedoen waarvan Greg hom verdink het nie. Waar was hy voor Greg hom in die gang gekry het? (1)

1.14 Greg betaal vir Xander se wraak op die Baker. Wie het nie die "Donker Web" vrygespring nie? (1)

1.15 Dink jy dat Greg die regte ding gedoen het deur die Baker te soek? Motiveer jou antwoord. (1)

**[15]**

## VRAAG 2 OUER-KINDVERHOUDING

2.1 Greg se hele lewe het in sy matriekjaar verander. Skryf 'n **paragraaf van tussen 80 en 120 woorde** oor hoe Greg se verhouding met sy ma en pa van matriek af tot aan die einde van die Donker Web-verhaal verander het.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- John het selfmoord gepleeg toe Greg nog op skool was. Hoe is Greg se pa "verantwoordelik" vir John se dood? (1)
- Op watter manier moes Greg volgens sy pa meer soos sy broer wees? (1)
- Waarom was Greg se pa nooit by die huis of daar vir sy vrou nie? (1)
- Mev. Owen het nie John se dood goed hanteer nie. Wat doen mev. Owen wat wys dat sy nie John se dood goed hanteer nie? (1)
- Hoe weet ons dat mev. Owen se verhouding en haar huwelik met haar man verby is? (1)
- Waarom kan ons aanneem (*assume*) dat Greg en John 'n goeie verhouding gehad het? Wat het John en Greg graag saam gedoen voor John se dood? (1)
- Wat het met Greg se pa in die tronk gebeur terwyl Greg in Florence was? (1)
- Hoe het Greg gevoel oor wat met sy pa gebeur het? (1)

IEB Copyright © 2024

2.2 In die verhaal lees ons ook van 'n ander pa-seunverhouding.

> "Daar is iemand by die deur vir Pa," sê hy toe hy sy kop terugdraai.
> "Het jou ma hulle laat inkom?"
> Xander haal sy skouers op.
> "Weet jy wie dit is?"
> "Twee ooms." Sy pa se werk bring soms mense huis toe.

[bl. 7]

2.2.1 Hoe oud was die seun die aand wat daar besoekers by hulle huis opgedaag het? (1)

2.2.2 Hoe verskil die twee besoekers se voorkoms van die voorkoms van die mense wat sy pa gewoonlik kom besoek? (1)

2.2.3 Wie het die twee mans na die Owens se huis gestuur? (1)

2.2.4 Sy pa is nooit weer na dié aand gesien nie. Hoe weet ons wat met Regter Gericke gebeur het? (1)

2.2.5 Hoe weet Greg dat sy pa die waarheid gepraat het en nie by die verdwyning of moord van Regter Gericke betrokke was nie? (1)

2.3

> Ek volg hom deur die huis na die lapa by die swembad waar hy 'n klein kroegie het. Rye vol glase. Bottels hardehout. Polisie-memorabilia teen die een muur. 'n Ete sonder bier noem jy ontbyt, lees ek op 'n bordjie en glimlag.
>
> Hy kry dan sommer ook een uit die yskas, knak dit oop en sit dit voor my neer. "Drink," beveel oom ...

[bl. 105]

2.3.1 Greg praat met Dirk Schutte. Noem **een** van die goed wat Greg vir hom vertel het. (1)

2.3.2 Wat vra Dirk Schutte van Greg om te doen indien hy verder na die Baker gaan soek? (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 3 DIALOOG: BELANGRIKE PLEKKE

> *Greg Owen is oorlede. 'n Span duikers het sy liggaam gister uit die Canale Grande in Venesië gehaal.*
>
> Dis wat die koerante in die Turret Media-groep oor my berig.
>
> Greg Owen is dood.

[bl. 11]

Greg is terug uit Venesië en sit in hulle sitkamer in Sandhurst en gesels met sy ma.

Voltooi die volgende **dialoog** tussen **Greg en sy ma**. Skryf slegs die **vraagnommer en Greg se woorde in jou antwoordboek** neer. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

3.1 Ma: Hoekom het jy Paasnaweek na jou pa in die tronk gegaan?

Greg: ... (1)

3.2 Ma: Het jou pa jou enigiets oor die Baker vertel?

Greg: Nee, maar hy het gesê dat ek ... (1)

3.3 Ma: Wie se dood in Stellenbosch het jou bang gemaak?

Greg: ... (1)

3.4 Ma: Hoe het jy uitgevind dat iemand my volg en dophou?

Greg: ... (1)

3.5 Ma: Waarom het Xander gesê jy moet jou rekenaar en selfoon weggooi voor jy Turkye toe is?

Greg: ... (1)

3.6 Ma: Wat is die meisie by wie julle gaan bly het se naam?

Greg: ... (1)

3.7 Ma: Jy sê haar ouers werk vir *Doctors without Borders.* Waarom praat sy Afrikaans?

Greg: ... (1)

3.8 Ma: Jy het my vertel van 'n notaboek wat iemand vir jou gestuur het. Waarom was Xander kwaad dat jy hom nie van die notaboek vertel het nie?

Greg: ... (1)

IEB Copyright © 2024

3.9 Ma: Het jy ooit kans gehad om een van die mooi museums of plekke in Turkye te sien?

Greg: Ja, ek het. Ek was by ... (1)

3.10 Ma: Hoe het julle dit reggekry om die Baker op te spoor?

Greg: Ons het op die Donker Web geadverteer dat ons op soek was na ... (1)

3.11 Ma: Maar julle het nie in Turkye gebly nie. Waarheen is julle daarna?

Greg: Ons moes na ... in Italië gaan. (1)

3.12 Ma: Watter inligting het jy deur middel van die *Trojan* gekry wat jou gehelp het om die Baker die eerste keer op te spoor?

Greg: Ek het sy ... op 'n dokument in sy *recycle bin* van sy rekenaar gekry. (1)

3.13 Ma: Hoe het julle so vinnig in Venesië gekom om die Baker daar te soek?

Greg: Ons het ... (1)

3.14 Ma: Ek is so bly dat ek vir Dirk gevra het om uit te vind of julle oukei is. Ek was so bang dat jy iets sal oorkom. Wie het die Baker geskiet?

Greg: ... (1)

3.15 Ma: Waarom dink die polisie dat dit jy is wat in die kanaal gevind is?

Greg: ... (1)

**[15]**

## VRAAG 4 VRIENDSKAPLIKE VERHOUDINGS

**Opdrag:**

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor **die goeie en slegte vriendskaplike verhoudings** waarvan ons in die verhaal *Donker Web* lees.

- Jou opstel moet 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

---

**INLEIDING**

---

**PARAGRAAF A Greg en Plank**

- Waar het Greg en Plank mekaar ontmoet? (1)
- Plank is reeds in sy tweede jaar. Waarom bly Plank in 'n koshuis? (1)
- Waarom het Greg vir Plank 'n sleutel van sy woonstel gegee? (1)
- Plank gaan saam met Greg Turkye toe. Wat doen Plank bedags terwyl Greg en Xander op hulle rekenaars besig is? (1)
- By wie hoor Plank dat daar iemand is wat navraag doen oor drie Suid-Afrikaners? (1)
- Waarom moes Greg vir Plank in Turkye los toe hulle Italië toe vlug? (1)

---

**PARAGRAAF B Greg en sy vriendinne**

- Wie was Nicole en wat het sy vir Greg kom vertel die dag toe sy vir hom by sy huis in Sandhurst kom kuier het? (2)
- Wie is die jong kunsstudent wat in dieselfde woonstelgebou as Greg bly? Gee haar **naam en van**. (1)
- Wat is Plank se meisie se naam? (1)
- Waarom wou haar pa nie hê sy moet saam met Greg uitgaan nie? (1)
- Hoekom, dink jy, is sy so hartseer wanneer Greg en oom Dirk huis toe kom? (1)

---

IEB Copyright © 2024

**PARAGRAAF C Greg en Xander**

- Dink jy Xander was 'n goeie vriend vir Greg? Motiveer jou antwoord deur na **een** spesifieke voorbeeld te verwys. (1)
- Wat is die **een** ding wat Greg en Xander in gemeen het in terme van hulle gesinne? (1)
- Xander het Greg in matriek gemanipuleer. Waarom het Greg dan vir Xander gekontak om hom te help om die Baker op te spoor? (1)
- Waarom, dink jy, het Xander dalk nie vir Greg aan die begin van hulle soektog vertrou nie? (1)
- Wat het Xander in die Koninklike Tuine aan die Baker gedoen wat Greg, Plank en Ayla se lewens in gevaar gestel het? (1)

---

**PARAGRAAF D The Butcher, the Baker and the Candlestickmaker**

- Waarom het Thomas Lawson ná die hofsaak na Greg-hulle se huis in Sandhurst toe gegaan? (1)
- Watter ander vriende van Greg se pa het ook die aand van die partytjie by Thomas Lawson gekuier? Noem enige **een** se **naam en van**. (1)
- Waarom, dink jy, wou Thomas Lawson Greg die aand in sy studeerkamer spreek? (1)

---

**SLOT**

---

**Taal en Struktuur** (5)

**[25]**

**70 punte**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.

2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. Skryf die **getal woorde** aan die einde van **elke vraag** neer.

4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

   - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
   - interpretasie van die opdrag
   - inhoud en idees
   - register en toon
   - taalgebruik

5. **Beplanning**

   Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

   - Skryf die opskrif, BEPLANNING, boaan.

   - Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

**VOORBEELD:**

| **BEPLANNING** | **VRAAG** |
|---|---|
|  |  |
| (linkerkantse bladsy) | (regterkantse bladsy) |

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 5 E-POS

**Situasie:**

Hierdie jaar is amper verby en jy begin planne maak om volgende jaar te gaan studeer. Jy het nog heelwat vrae waarop jy antwoorde nodig het voordat jy besluit waar jy wil studeer. Skryf 'n e-pos aan 'n universiteit/kollege/opleidingsentrum waarin jy hulle vertel wie jy is en wat jy wil studeer. Vra ook vir die inligting wat jy nog nodig het.

**Opdrag:**

Skryf 'n e-pos van tussen 150 en 220 woorde waarin jy:

- vertel wie jy is;
- vertel wat jy wil studeer en hoekom jy dit wil studeer;
- vra hoeveel geld jy moet betaal/hoeveel geld die kursus kos;
- vra wanneer die sluitingsdatum is; en
- vra of daar blyplek/akkommodasie beskikbaar is en hoeveel dit kos.

**Instruksies:**

- Jy kan jou paragrawe volgens die bostaande punte indeel.
- Jou e-pos moet ook 'n **inleidings- en 'n slotparagraaf** hê.
- Die inhoud van jou e-pos moet **tussen 150 en 220 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou e-pos.**
- Jy **moet** die onderstaande formaat vir jou e-pos gebruik.

Aan: ____________________________________________

Onderwerp: ______________________________________

============================================================

Geagte mev. Yaka (*persoon se van*)

Byvoorbaat dank

(*Jou naam*)

**[20]**

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 6 DIALOOG

**Situasie:**

2024 gaan 'n opwindende jaar wees. Ongelukkig gaan jy en jou beste vriend(in) nie aan dieselfde universiteit/kollege/opleidingsentrum studeer nie. Skryf 'n kort dialoog tussen jou en jou vriend(in) waarin julle vir mekaar totsiens sê.

**Opdrag:**

In jou dialoog moet jy en jou vriend(in) elkeen ten minste drie keer praat. Maak seker dat jy ...

- hom/haar vra wat en waar hy/sy gaan studeer;
- hom/haar sterkte/voorspoed toewens; en
- hom/haar vra dat julle in kontak moet bly.

**Instruksies:**

- In jou dialoog moet jy en jou vriend(in) elkeen ten minste **drie keer** praat.
- Laat 'n reël oop tussen elke spreekbeurt.
- Die inhoud van jou dialoog moet **tussen 60 en 100 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou dialoog neer.**
- Jy **moet** die onderstaande formaat vir jou dialoog gebruik.

| | |
|---|---|
| Jou naam: | **...** |
| Jou vriend (in) se naam: | **...** |
| Jou naam: | **...** |
| Jou vriend (in) se naam: | **...** |
| Jou naam: | **...** |
| Jou vriend (in) se naam: | **...** |
| | *[aantal woorde]* |

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024